

## **Algemene Programinligting MEd Opvoedkundige Sielkunde (MEdPsig)**

### **1. US-webtuise**

[www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za)

### **2. US 2019-Jaarboek**

[www.sun.ac.za/Jaarboek](http://www.sun.ac.za/Jaarboek)

### **3. Departement Opvoedkundige Sielkunde-Webtuise**

[www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education/pages/postgraduate-programmes.aspx](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education/pages/postgraduate-programmes.aspx)

### **4. Administratiewe Navrae: Universiteit Stellenbosch Kliëntediens**

[info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) | 021 808 9111

### **5. Hoe om aansoek te doen (neem asb kennis van die vereiste kriteria voordat u aansoek doen).**

[www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za) of [www.maties.com](http://www.maties.com)

Navrae: [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) | 021 808 9111

## **PROGRAMINLIGTING: Jaarboek 2019 Deel 6, bl 72-74**

Die doel van die program in Opvoedkundige Sielkunde is die ontwikkeling van navorsingskapasiteit, teoreties-gegronde kennis, vaardighede en gesindhede wat 'n student sal toerus om as opvoedkundige sielkundige in die Suid-Afrikaanse konteks te praktiseer. Studente wat die program, die daaropvolgende voorgeskrewe internskap van 12 maande asook die Beroepsraadeksamen suksesvol voltooi, sal as opvoedkundige sielkundiges by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (Health Professions Council of South Africa – HPCSA) kan registreer.

### **1. TOELATINGSVEREISTES: Jaarboek 2019 Deel 6, bl 72-74:**

- **BEd Hons-graad in Opvoedkundige Sielkunde OF BEdPsig-graad OF 'n goedgekeurde Hons-graad in Sielkunde.**
- **Sielkunde as hoofvak voorgraads (Sielkunde I, II en III).**
- 'n Goedgekeurde **onderwyskwalifikasie** verwerf by 'n **goedgekeurde opvoedkundige instelling van 'n erkende nasionale hoëronderwysinstelling** en geakkrediteer volgens die voorwaardes van 'n Suid-Afrikaanse kwalifikasie op **NKR-vlak 7** (bv NOS of BEd). In die geval van 'n internasionale kwalifikasie, moet die kwalifikasie deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid (SAQA) geverifieer word as 'n ekwivalent van 'n Suid-Afrikaanse Onderwyskwalifikasie (sien [www.saqa.org.za](http://www.saqa.org.za)). Die amptelike dokumente moet saam met die aansoek vir die program teen 30 Junie ingehandig word.
- 'n Minimum van **twee jaar** onderwyservaring (hierdie ervaring moet na die voltooiing van die onderwyskwalifikasie by 'n formele opvoedkundige instelling bv kollege, skool of universiteit opgedoen word). Ervaring moet gegrond wees op formele ervaring as 'n onderwyser/opvoeder en op 'n permanente basis. **Praktiese ondervinding (proefonderwys)** tydens onderwysopleiding asook **internskap** sal nie as onderwyservaring erken word nie.
- 'n Minimum van **65%** vir **Opvoedkundige Sielkunde** of **Sielkunde-georiënteerde** vakke op **Honneursvlak (NKR-vlak 8)**.
- Indien enige ander kwalifikasies wat as gelykwaardig aan bogenoemde kwalifikasies beskou word, ingedien word, sal die aansoeker verantwoordelik wees om bewyse van gelykwaardigheid in te dien.

## 2. SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE:

- 30 Junie van die voorafgaande jaar van voornemende studie.
- Jaarboek 2019, Deel 6, bl 72-74.

## 3. KEURING: Die keuringsproses vind in twee fases plaas.

- **Fase 1:** Tydens dié fase sal aansoeke nagegaan word om te verseker dat dit aan die basiese toelatingsvereistes voldoen.
- **Fase 2:** Kandidate wat kwalifiseer tov die basiese toelatingsvereistes, sal na Fase 2 uitgenooi word.
- **Datums:** Maandag tot Vrydag 9 – 13 September 2019.
- **Plek:** Fakulteit Opvoedkunde, Ryneveldstraat, Stellenbosch.
- **Dokumentasie:** Bv CV's, verwysingsverslae en meer inligting sal versoek word.

## 4. DUUR VAN PROGRAM: Twee jaar deelyds

- 1<sup>ste</sup> jaar sluit in **akademiese modules** en **goedkeuring van die navorsingsvoorstel**.
- 2<sup>de</sup> jaar sluit in **praktikum-modules, goedkeuring van die internskapprogram** (inhandiging einde Julie) en voltooiing van **tesis**.
- 3<sup>de</sup> jaar bestaan uit 'n **volydse goedgekeurde internskap van 12 maande** (wat deur die **student gereël** word).
- **Registrasie:** Nadat die graad en internskap voltooi is en die Beroepsraadeksamen suksesvol afgelê is, word 'n student toegelaat om by die Raad vir Gesondheidsberoepes (RGSA) as opvoedkundige sielkundige te registreer.
- **Verpligte klasbywoning: 2x per week (na ure, vanaf 16:00) asook sekere Vrydagmiddae en sekere Saterdagoggende.**
- Studente sal versoek word om verlof te neem om die praktikumopleiding gedurende die 2de jaar te voltooi.

## 5. PROGRAMSTRUKTUUR:

- Jaarboek 2019, Deel 6, bl 72-74

### AANSOEKPROSES: AANLYN-AANSOEKE VIR 2020-2021 OPEN 1 MAART 2019

- Nagraadse aansoekvorms moet aanlyn op die Universiteit Stellenbosch-webwerf [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za) of [www.maties.com](http://www.maties.com) voltooi word of vanaf die Universiteit Stellenbosch Kliëntdienste: [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) | 021 808 9111 verkry word.
- Indien u enige probleme met die aanlynproses ondervind of as u nie toegang tot elektroniese fasiliteite het nie, kontak Kliëntediens [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) | 021 808 9111.
- Indien u reeds by die Universiteit geregistreer is in die jaar waarin u aansoek doen, kan u me Euné Louwrens (Fakulteitsadministrateur, Administrasie A) direk per e-pos gedurende **Mei** kontak [eel@sun.ac.za](mailto:eel@sun.ac.za) om aansoek te doen vir die MEdPsig-program. U moet bewyse aanheg dat u voldoen aan die basiese toelatingsvereistes. Kontak haar ook tov administratiewe navrae.

### PROGRAMKOSTE

- Kontak Kliëntediens [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) | 021 808 9111 of besoek: <http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/Studentegelde.pdf>

### VERDERE NAVRAE TOV AKADEMIESE KWALIFIKASIES

- Kontak me Euné Louwrens, Fakulteitsadministrateur 021 808 9111 | [eel@sun.ac.za](mailto:eel@sun.ac.za)

### DEPARTEMENTELE NAVRAE

- Kontak mev Lynette Collair, MEd Opvoedkundige Sielkunde-koördineerder [lyncol@sun.ac.za](mailto:lyncol@sun.ac.za) of mev Petro Liebenberg, Praktikumteenheid (Sekretaresse) [epl@sun.ac.za](mailto:epl@sun.ac.za)

## BELANGRIK

**Inhandiging van u aansoek beteken nie dat u outomaties na die keuringsproses uitgenooi sal word nie.**

